H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: lseligwa@eligwa.co.za

4 Mei 2026

Geagte Ouers / Voogde

NUUSBRIEF NR. 6 VAN 2026

Graag bring ek die volgende onder u aandag:

1. **ASSESSERING**
Ons is deurlopend besig met assessering. Volgehoue en pligsgetroue werk dwarsdeur die jaar bepaal sukses en nie net die formele assesseringsgeleenthede nie. Ondersteun asseblief u kind.

2. **PERSONEELSAKE**
Dit is met groot hartseer dat ons aan die einde van April afskeid neem van Mev. Schlechter wat ons tydelik gehelp het by Gr. 4. Ons wil vir haar baie dankie sê vir die onbaatsugtige diens wat sy vir die skool en die gemeenskap gelewer het. Ons wens vir haar 'n wonderlike toekoms toe en bid God se seën oor haar uit vir die toekoms.
Baie welkom aan Mnr. Wilhelm Gersteling wat in Mev. Schlechter se plek aangestel is. Baie geluk met die aanstelling en mag u sommer baie gelukkig wees en vinnig inskakel in ons gemeenskap.

3. **HOOFLEIERS**
Baie geluk met die verkiesing van ons hoofleiers vir 2026.
Hoofseun : Lourens Snyman
Onderhoofseun : Riccardo Jansen van Vuuren
Hoofdogter : Mieke Kriel
Onderhoofdogter : Gabrielle van Driessel
Baie sterkte met die groot taak wat vir julle voorlê.

4. **SKOOLDRAG**
Vanaf 11 Mei 2026 word wintersdrag gedra. Ons wil graag 'n vriendelike beroep op u doen om u kinders in volledige skooldrag skool toe te stuur. Dit bevorder 'n eenheidsgevoel en 'n skooltrots. Vrydagdrag sal ook toegelaat word. Barendkouse mag ook saam met die sweetpakke gedra word.

5. **HEMELVAART**
Die Hemelvaartdiens vind plaas op Donderdag, 14 Mei 2026 . Die diens gaan plaasvind in die kerk. Indien u enige beswaar het dat u kind dit mag bywoon, versoek ons u om 'n brief te stuur sodat die nodige toesig gereël kan word. Daar sal dan ook geen sport na skool wees nie.

**6. BOEK BUDDIES**

BOEK BUDDIES besoek weer ons skool op 12 Junie 2026. Kleurvolle kostuums, nuutste tegnologie en professionele akteurs laat die karakters in die boeke lewendig word. Saam met die musiek word leerlinge gewys dat lees lekker is. Afrikaanse kinderboeke word opgevoer en die kostes beloop R30 per kind. Die skool maak geen wins nie en wil graag lees by ons kinders bevorder. LAPA UITGEWERS sal op 11- en 12 Junie 2026 'n boekuitstalling by die skool hou, waar leerlinge dan vir hulself storieboeke kan koop. Ondersteun hulle gerus tot voordeel van u kind.

**7. SKOLIERPATROLLIE**

Die skolierpatrollie van die skool het 'n ongelooflike groot taak en verantwoordelikheid wat op hulle skouers rus. Hulle word aan die begin van die jaar opgelei deur die verkeersdepartement sodat hulle op die regte en veilige manier die kinders oor die pad kan help. Ek wil egter 'n dringende beroep op elke ouer doen om hierdie leerlinge te respekteer met die taak wat hulle verrig. Daar word van u as ouer ook verwag om die reëls te gehoorsaam deur die pad op die regte plek (by die skolierpatrollie) oor te steek en om nie met u voertuig te jaag nie. Sou u die pad op die verkeerde plek oorsteek of met u voertuig jaag, is die kinders aangesê om u vriendelik te versoek om dit nie te doen nie. Die verkeersdepartement het ons ook toestemming verleen om gereelde oortreders se registrasienommer neer te skryf en aan hulle deur te gee vir vervolging. Baie dankie vir u begrip in die verband.

**8. LAATKOMMERS**

Daar is baie leerlinge wat op 'n daaglikse basis laat kom. Ons doen 'n beroep op ons ouers om toe te sien dat leerlinge stiptelik is in die oggend. Die registers word vroeg voltooi en daar word dadelik met akademiese werk begin. Dit is baie ontwrigtend indien leerlinge laat is en personeel die akademiese program moet staak om laatkommers te akkommodeer. Baie dankie vir u begrip in die verband.

**9. KARNAVAL (SKUIF NA 15 MEI AS GEVOLG VAN DIE WEER)**

Die sluitingsdatum vir die inbetalings van die borgvorms is Woensdag 13 Mei 2026.
Baie dankie vir u mooi bydrae t.o.v. die karnaval. Dit is wonderlik om deel te wees van so 'n ouergemeenskap:

- Leerlinge trek gewone klere aan en hoef nie tasse skool toe te bring nie (onthou handdoeke en swemklere). Sien asseblief toe dat u kind se swemklere netjies en fatsoenlik is. Onthou ook die sonbrandroom!
- Daar sal baie eetgoed aangebied word. Kom ondersteun ons asseblief. Die kinders wat boekiekaartjies gekoop het, sal dit die oggend van die karnaval ontvang. Kaartjies sal steeds deur die dag te koop aangebied word. Die kaartjies wat die leerlinge gekoop het moet opgebruik word en geen geld sal terugbetaal word vir ongebruikte kaartjies nie.
- GEEN ALKOHOL WORD OP DIE TERREIN TOEGELAAT NIE.
- Leerlinge wat R90 betaal het vir die waterkaskenades OF 'n vol borgvorm ingehandig het, sal ook die oggend van die karnaval die bandjie ontvang en mag heeldag op die toerusting speel.
- Daar gaan baie speletjies en kompetisies aangebied word. U het reeds 'n pryslys van al die eetgoed en speletjies ontvang.
- **Leë borgvorms** moet ook terugbesorg word. Indien nie, sal die leerling verantwoordelik gehou word vir die totale waarde van die uitstaande vorm wat R150 beloop.
- GEEN jonger boeties of sussies mag die leerlinge vergesel nie. Personeel kan ook nie verantwoordelikheid aanvaar vir jonger boeties of sussies nie. Hulle mag wel saam met hulle ouers die karnaval bywoon. Kom geniet die dag saam met ons.
- Die program vir die dag is ook reeds in u kind se besit.

**10. GR. RR,R EN 1 OPEDAG (27 MEI 2026)**

Ons herinner u aan bogenoemde opedag wat sal plaasvind om 16:30 op 27 Mei 2026. Lig asseblief alle belangstellendes waarvan u weet oor bogenoemde in.

**11. KOPLUISE**

Daar is weer kopluise onder die leerlinge opgemerk. Sal u asseblief so gaaf wees om u kind te ondersoek en die nodige stappe te neem. U moet dit asseblief dadelik behandel met 'n spesiale sjampoe wat by die apteek verkrygbaar is. Kopluise is altyd 'n baie sensitiewe saak en ouers voel soms, onnodig, baie verleë daaroor. Aangesien kopluise baie maklik versprei, kan 'n mens ook baie maklik besmet raak.

Eligwagroete

**BD BOSHOFF**
**HOOF**